

Woensdag 5 April

Skrifgedeelte: Handeling 2:37-47

Fokusgedeelte: Handeling 2:38

Die Heilige Gees verander ons lewenswyse

Die Heilige Gees verander ons lewenswyse op so 'n wyse dat ons nie meer aan die dinge van hierdie wêreld nie verknog is, maar ons geluk by Jesus Christus gaan soek. Soveel so dat ons nie meer vir onself alleen lewe nie, maar vir Christus en vir ons medemens. Dit is hoekom Petrus in antwoord op die vraag: “Wat moet ons doen?” by bekering en die doop begin.

Begin met die opdrag om jou lewenswyse te verander en Jesus Christus as jou Here en jou Verlosser te bely. Hy sê: *“Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus. Dan sal God julle sondes vergewe, en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang.”*

Hierdie bekering impliseer verandering. Verandering van jou hele benade-ring tot die lewe en jou hele lewenswyse. Trouens, die letterlike betekenis van die woord bekering sê dit vir ons: omdraai. 'n Totale ommekeer in jou lewens-beskouing en lewenswyse.

Waarin kom hierdie ommekeer na vore? In die mate hoe jy voor Jesus Christus as jou Here en Koning buig. Die vraag is nie meer: “Wat moet ons doen?” nie. Eerder: Wat doen God nou deur my? Die Heilige Gees verander immers ons lewenswyse. Hy gee ons die krag om met die goeie aan te hou. Om te volhard in die geloof ongeag die omstandighede waarin ons ons bevind.

Sing: Psalm 40:4

Ds. MJ (Thys) Erasmus (Nelspruit)